# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (14/13)

*Justin Chadwick (5 April 2013)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK*** **"**I like long walks, especially when they are taken by people who annoy me" Noel Coward

## FRUIT SOUTH AFRICA (FSA) / SIZA INLIGTINGSWERKSWINKELS

Suksesvolle produsente belê in hul personeel!!! Die waardevolste hulpbron op enige plaas is die mense wat op daardie plaas werk. Masjiene, sisteme of besluite laat nie dinge gebeur nie – mense doen. Suid-Afrika het van die mees progressiewe arbeidswetgewing ter wêreld, en produsente streef daarna om te verseker dat hul werkers regverdig en met waardigheid behandel word. Om produsente in hierdie pogings van hulp te wees en te verseker dat al die goeie werk behoorlik aan nasionale en internasionale belanghebbendes aangeteken en gerapporteer word, het Fruit South Africa (gesamentlik besit deur CGA, HORTGRO, FPEF, SATI en SUBTROP) die SIZA platvorm 'n paar jaar gelede begin.

FSA/SIZA nooi jou uit om die 2-uur inligtingssessie oor die SIZA program by 'n plek naaste aan jou by te woon. Bywoning is gratis. Die werkswinkels sal die volgende dek:

- Oorsig van die SIZA program
- SIZA lidmaatskap en voordele
- SIZA Registrasie-proses
- SIZA / Sedex reëling
- SIZA kapasiteitsbou-program en ondersteuning vir produsente
- Jou vrae

**Datums, tye en plekke is as volg:**

| Datum | Dorp, Provinsie | Plek | Tyd |
|---|---|---|---|
| 16 April | Paarl, Wes-Kaap | Windmeul Wynkelder (021-869 8043) | 10 – 12 middag |
| 22 April | Tzaneen, Limpopo | Westphalia Training Centre (015-309 0000) | 14.30 – 16.30 |
| 23 April | Hoedspruit, Limpopo | Swadini Resort (015-795 5141) | 10 – 12 middag |
| 24 April | Nelspruit, Mpumalanga | Halls Training Centre (013-753 5700) | 10 – 12 middag |
| 25 April | Kirkwood, Oos-Kaap | Kirkwood Ondersteuners Klub (072 2645468) | 10 – 12 middag |
| 2 Mei | Ceres, Wes-Kaap | Ceres Fruit Growers Lesings Saal (023 3169419) | 10 – 12 middag |
| 15 Mei | Kakamas, Noord-Kaap | Lake Grappa, Kakamas (082 978 3949) | 14.30 – 16.30 |

**Bevestig bywoning sou gou as moontlik deur 'n epos aan Colleen Chennells by chennell@iafrica.com te stuur**

## SITRUSVERBETERINGSKEMA (SVS)

Moontlike veranderings aan die SVS word oorweeg en dit is belangrik om alle belanghebbendes se sienings te kry gegewe die belang van die SVS vir die toekomstige volhoubaarheid van suider-Afrika se sitrusbedryf. Drie opsies oor hoe die SVS in die toekoms bestuur moet word, word oorweeg: Opsie 1 – Verpligte statutêre skema, Opsie 2 – Vrywillige statutêre skema en Opsie 3 – Vrywillige openbare skema (nie statutêr). Besonderhede oor die voordele en nadele van elke opsie is in 'n besprekingsdokument opgesom en is van CGA beskikbaar. U word versoek om terugvoering teen 12 April 2013 te gee waarna hierdie insette tydens 'n werkswinkel later in April bespreek sal word. Vrae en kommentaar kan aan Paul Hardman (ph@cga.co.za) of die CGA verteenwoordiger op die SVS, Fanie Meyer (meyerf@mweb.co.za) gestuur word.

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE HEFFING WAT DEUR DIE CGA GEADMINISTREER WORD**